Aan die ouers van Ignite (Gr 1-6)

Soos u dalk reeds kennis dra, mag ons as gemeente reeds met eredienste begin (met 50 persone per diens). Ons beplan om met eredienste te begin met ons jeug wat op hierdie stadium die laagste risiko groep is – dus Jeuggefokusde eredienste. Die jongmense is ook reeds nou al gewoond aan die reëlings by skole, wat ons graag ook by die kerk sal wil volg. Ons sien baie daarna uit om nuwe geleenthede te skep, selfs al besef ons dit gaan anders lyk as wat ons gewoond is. Ons kan dit egter slegs met u as ouers se toestemming doen. Daarom die versoek aan die einde van hierdie skrywe.

Ons het 'n Covid-19 taakspan saamgestel wat riglyne bestudeer het vanaf die regering, die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) en die Sinode van die NG Kerk. Ons onderneem om ons by hierdie regulasies en riglyne te hou.

Die doel van hierdie skrywe is om inligting aan u deur te gee van die formaat van die eredienste, asook die veiligheidsmaatreëls waaraan ons tydens die erediens en binne die kerkgebou aan gaan voldoen. Verder wil die skrywe aan u deurgee aan watter veiligheidsmaatreëls u self moet verseker u kinders aan moet voldoen en navolg, ten einde hulle in staat te stel om die erediens by te woon.

Vervolgens die volgende inligting:

Slegs 50 lidmate (wat die Kategete, leraar en koster insluit) mag die erediens bywoon. Daar moet rekord gehou word van elke kind wat die diens bywoon, deur 'n vraelys wat vooraf op ons webblad afgelaai kan word, gedruk en ingevul word en dan deur elke kind ingehandig word by aankoms. Die kind se temperatuur sal dan ook op die vorm aangebring word.

Die hek by die kerkterrein se hoofingang maak om 08:50 oop. U kan dan inkom en u kind by die staalhekke aflaai. U is welkom om vir die uur op die terrein te parkeer. Die reëlings vir die diens volg hierna.

Ons versoek dat die kinders, indien hulle in 'n ry moet staan, 1,5m sosiale afstand sal handhaaf. Die Kategete sal hiermee help.

Ons besef dit is moeilik omdat mense mekaar lanklaas gesien het, maar dit is ter wille van elkeen wat teenwoordig is.

Indien u met die invul van die vorm op enige van die vrae JA sou antwoord, versoek ons u vriendelik om eerder nie u kind kerk toe te bring nie. Indien u kind met aankoms 'n temperatuur van 37.5 of meer het, kan hy/sy ongelukkig nie die erediens bywoon nie, en gaan ons hom/haar versoek om eerder huis-toe/dokter toe te gaan.

Elke kind moet 'n masker dra, wat die neus sowel as mond bedek. Dit moet te alle tye (vandat hy/sy uit die voertuig klim totdat hy/sy na afloop van die diens weer terugklim) op sy/haar gesig bly.

Die Kategete sal die kinders bystaan en wys waar om te staan, hande te spuit, koors te meet, vorms in te gee, dankoffers in te gooi, en dan die sitplek in die kerksaal in te neem.

Die sitplekke in die kerksaal sal reeds so geplaas wees dat die kinders binne die sosiale afstand reëls sal wees.

Die kinders kan gerus hulle selfone saambring, maar laat asseblief Bybels, werkboeke en enige ander skryfgoed of leesgoed by die huis.

Daar mag glad nie gesing word nie (volgens die regulasies). Bewegings saam met musiek is egter toegelaat en ons sal ruim daarvan gebruik maak.

Ons moet aan heelwat regulasies voldoen wat die skoonhou van die badkamers betref. Alhoewel ons dit alles in plek het, versoek ons u om u kinders voor die tyd aan te moedig om 'n draai by die huis te loop en slegs in noodgevalle van die badkamers by die kerk gebruik te maak.

Na die diens versoek ons dat die kinders nie in groepies staan en gesels nie, maar eerder die terrein so spoedig moontlik verlaat. Weerens besef ons dat dit nie in ons aard is om dit so te doen nie, maar ter wille van die regulasies gaan ons dit so doen.

Ons versoek dat u die volgende vraelys VOOR ELKE jeug-erediens invul. Indien u op enige van hierdie 10 vrae "JA" antwoord, kan u kind ongelukkig nie die erediens bywoon nie.

1. Kind het/voel koors(ig)
2. Kind hoes
3. Kind het seer keel
4. Kind is kort van asem
5. Kind het lyfseer
6. Kind voel swak en moeg
7. Kind het diarree
8. Kind se reuk/smaak sintuig is aangetas
9. Kind was in afgelope 14 dae buite landsgrense
10. Kind was in aanraking met iemand wat Covid-19 het of vermoed dat hy/sy Covid-19 positief is.

Hierdie is uitdagende tye wat ook nuwe uitdagings aan ons as gelowiges stel, ook wanneer dit kom by die bywoning van eredienste.

Die beplanning vir die Ignite erediens lyk so:

Plan vir Ignite Jeugdiens Graad 1 tot 6

08:50	Kerkhek oop – voertuie kom in, laai kinders af en parkeer / gaan eers huis toe
08:50-09:05	Kinders gee vorms in en temperatuur word geneem en aangeteken op vorm
	Kinders beweeg tot in saal en sit op stoel – maskers deurgaans op
09:05-09:10	Groet
09:10-09:20	Musiek en kinders mag bewegings saam met musiek maak. Ongelukkig nie saamsing nie!
09:20-09:45	Ignite Diens
09:45-10:00	Musiek en Afsluiting
10:00 +	Beweeg uit saal, ouers laai op en verlaat terrein

Vooraf:

- Trek vorm van webblad af en vul in
- Indien enige vraag se antwoord Ja is, moet kind verkieslik nie bywoon nie
- Sonder vorm en sonder masker word kinders nie toegelaat nie

Ouers

- Ouers is welkom om op die kerkterrein te parkeer en in hulle motors te wag. Parkeer asseblief aan die Montana Crossing kant van die terrein.
- Parkering moet asseblief geskied met ‘n oop parkering tussen motors
- Die leraars wat nie by Ignite betrokke is nie, sal deurstap en by elke motor ‘n oomblik vertoef en selfs saam ‘n gebed doen.
- Ouers moet asseblief wanneer die leraar hulle by die motor besoek, hulle maskers op hou.

Ons vertrou dat u dit ontvang in die lig van waarmee ons dit skryf, naamlik dat ons die lewe in oorvloed van God ontvang, en daarom ook aan onsself en ander die reg op gesondheid en lewe gun.

Ons sien uit na ons samekoms, en meer nog na die dag wat ons weer normaal as volle gemeente saam kan aanbid. God seën julle.

NG Montana Leraars, Kategete en Covid-19 Taakspan

Nou die vraag: Sal u u kind (Gr 1 – Gr 6) kerk toe bring vir hierdie diens?